VERKENNERKAMPE

OOS-KAAP VOORTREKKERS

Beste Verkenner - Dit is alweer Boknes tyd!

Die kamp vind plaas vanaf Donderdag, 2 April tot Woensdag, 8 April 2015 te Boknes Voortrekkerkampterrein.

REGISTRASIE:
Registrasie vind plaas te Boknes op Donderdag 2 April 2015 om 14h00. Die kamp begin stiptelik om 15h00 met die amptelike kampopening. **Almal moet dan reeds by die kamp wees.**

KAMPAFSLUITING:
Die kamp sluit amptelik Woensdag 8 April 2015 om 11:00 op die Boknes Voortrekkerkampterrein vir almal.
Niemand mag van die kamp af vertrek voordat die hele kamp nie afgeslaan en opgeruim is nie. Jy het lekker saamgekamp – help maar lekker skoonmaak.

PROGRAMME:
Graad 7: Strandbewustheid + Medemens
Graad 8: Seekunde en Roeikunde
Graad 9: Strandvernuf
Graad 10: Afrikaner Geskiedenis + Voetslaner
Graad 11: Joernalistiek
Graad 12: Kampbeveiliging

KAMPGELDE: Graad 7 tot 12 R670.00

INSKRYWINGS: Voltooi die "Inskrywingsvorm vir Jeuglede"en handig dit in by jou kommando, nie later nie as Vrydag, 06 Maart 2015.

SLUITINGSDATUM OM VORM BY KOMMANDO IN TE GEE:
06 MAART 2015
Dit is onmoontlik om 'n kamp te beplan as die inskrywingsvorms ons nie teen die sluitingsdatum bereik nie. Indien jou vorm laat is, gaan jy dalk nie 'n pet ontvang nie!!!!
Verder word daar ook 'n boete van R20-00 per laat inskrywing en R200-00 per kommando gehef op laat inskrywings. SO, AS JY LAAT IS, KOS JY JOU KOMMANDO R200-00!

Omdat ons al vroeg begin voorraad aankoop, sal daar geen terugbetalings gemaak kan word vir kansellasies na 13 Maart 2015 nie.

REËLS EN UITRUSTING:
Sien die "Reëls en saambringlysie". Jou programleier sal ook aan jou kommandoleier 'n graad-spesifieke saambringlysie stuur, indien nodig.

Gr 11 & 12 moet 'n eie tent bring, of reël om 'n tent met jou maats te deel.

ALGEMEEN:
Daar is 'n Snoepie op die Bokneskamp, wat oor die algemeen goedkoper is as jou hoek kafee. Asseblief, ondersteun ons eerder as om 'n sak vol snoepgoed, wat kan smelt in jou sak en jou boonop in die moelikheid kan laat beland, saam te bring.

Indien jy enige navrae het skakel gerus met die Kampleier of jou graad se program leier.

Voortrekkergroete,

Susan Mulder
KAMPLEIER
Sel:0829214861

BOKNES VERKENNERKAMP

OOS-KAAP VOORTREKKERS

VORM A
INSRYWINGSVORM VIR JEUGLEDE

SLUITINGSDATUM :13 MAART 2015

Vul asseblief hierdie vorm volledig en netjies in. Trek kruisies waar van toepassing. Oorhandig hierdie vorm aan jou Adjunkkommandoleier:Admin wat dit aan die betrokke projekleier moet besorg.

KOMMANDO:			**LIDNOMMER:**			
GRAAD:	**7**	**8**	**9**	**10**	**11**	**12**
VAN:			**GEB DATUM:**			
NAAM:			**GESLAG:**		**S**	**M**
POSADRES:						
OUER/VOOG TELEFOON NOMMER:	**HUIS:**		**WERK:**		**SEL:**	
	VONKPOS:					
MEDIESE SKEMA:			**LIDNOMMER:**			
HOOFLID:			**HOOFLID ID NOMMER:**			
VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ALLERGIE OF SIEKTE TOESTANDE:						
VERKLARING:						
Hiermee dra ek my magte as ouer / wettige voog aan die kampleier / verteenwoordiger oor indien my kind mediese aandag sou benodig.						
HANDTEKENING:						
DATUM:						